
# VOERMOL SB 100

Klas: Proteïenkonsentraat vir Herkouers




**VOERMOL SB 100** is 'n ekonomies en maklik voerbare vetmaakkonsentraat vir beeste. Meng met mielies of ander graan en voer tesame met ruvoer.

- Die "**VOERMOLSTELSEL**", waar die konsentraat en ruvoer apart volgens "vrye keuse" gevoer word;
- bevorder inname aangesien dit smaaklik is, want dit is melassegebaseer;
- kan met heel mielies aan beeste gevoer word, bespaar dus koste. Wanneer ou koeie en groot stoorosse gevoer word, moet daar egter van mieliemeel gebruik gemaak word;
- bevat medikamente wat voerinname verminder terwyl dit massatoename handhaaf en dus voeromset mag verbeter. Dit help ook om koksidiose te voorkom by kalwers.
- bevat **rumen-beskermde vitamien A** om stabiliteit in die rumen te verhoog en algehele biobeskikbaarheid te verbeter. Dit lei tot verbeterde immuniteit en gesondheid.
- Vitamien D3 help met die absorpsie van fosfor en kalsium.

**SAMESTELLING VAN VOERMOL SB 100**
REG NR V4498 (Wet 36/1947)

| (g/kg) | | | (mg/kg) | |
|---|---|---|---|---|
| Ruproteïen* | (min) | 350 | Mangaan | 120 |
| Ureum | (maks) | 80 | Koper | 58 |
| Ruvesel | (maks) | 120 | Kobalt | 2.6 |
| Vog | (maks) | 160 | Yster | 120 |
| Kalsium | (min/maks) | 37/45 | Jodium | 2 |
| Fosfor | (min) | 4.5 | Sink | 500 |
| | | | Selenium | 0.8 |
| | | | Vitamien A (IE/kg) | 27 000 |
| | | | Vitamien D3 (IE/kg) | 1 650 |
| *77.14 % afkomstig vanaf NPN | | | Bevat medikamente | |

Verpakking – 50 kg

**Sien ureumwaarskuwing**

***L.W. Bevat medikamente en moet dus nie aan perde gevoer word nie. Moet nie ongemeng gevoer word nie.***

***MEDIKAMENTE WAARSKUWING: Hierdie produk bevat geregistreerde medikamente. Voer streng volgens neergelegde gebruiksaanwysings.***

Voermol

# AFRONDINGSPRODUKTE

## MENG- EN VOEDINGSINSTRUKSIES

Die **"VOERMOLSTELSEL"** beteken dat die konsentraat-mieliemeel mengsel en die ruvoer apart gevoer word om vermenging en aanpassingsprobleme uit te skakel. Die **VOERMOLSTELSEL** hou die volgende voordele in:

- Maklike aanpassing, aangesien diere 'n hoë ruvoerrantsoen verkies in die aanvangsperiode van vetmaak en al hoe meer konsentraat vreet soos hulle aanpas. Afronding vind gewoonlik plaas met 'n gemiddelde ruvoerinname van ± 12 % van die rantsoen, bereken oor die hele voerperiode.
- Die maal of vermenging van ruvoer is onnodig – koste word dus bespaar.
- Kragvoer kan op die veld gevoer word, wat die koste van 'n voerkraal en die oes van ruvoer bespaar.

Die standaard aanbeveling vir beeste is om 20 % **Voermol SB 100** en 80 % mieliemeel te vermeng. Heel mielies of mieliemeel kan gebruik word. Voer hierdie mengsel *ad lib.* en gee vrye toegang tot ruvoer, apart.

Om doeltreffende voerbenutting te verseker is dit belangrik dat 'n hormoon inplantaat (groeistimulant) gebruik word. Volg die normale inentingsprogram vir voerkraalsiektes, soos deur 'n veearts voorgeskryf. Sien tabel onderaan vir meer mengopsies.

| **MENGINSTRUKSIES** (kg) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | *Ligte speen-kalwers (< 250 kg) | Speen-kalwers 250 kg en swaarder | Volledige beesafrond voer[2] | Volledige Fase D/C |
| **Voermol SB 100** | 200 | 200 | 150 | 150 |
| **Voermol Procon 33** | 50 | – | – | 50 |
| Mieliemeel | 750[1] | 800[1] | 650 | 520 |
| Hooi ( ± 4 % Ruprot.) | *ad lib.* | *ad lib.* | 100 | 180 |
| Totaal | 1 000 | 1 000 | 900 | 900 |
| **SAMESTELLING** (g/kg) | | | | |
| Ruproteïen (min) | 143 | 130 | 117 | 128 |
| Ruvesel (min) | 48 | 44 | 78 | 112 |
| Kalsium (maks) | 10 | 9.2 | 7.9 | 8.9 |
| Fosfor (min) | 3.2 | 2.9 | 2.8 | 3.0 |
| % Proteïen afkomstig vanaf NPN | 37.8 | 41.5 | 38.5 | 35.2 |
| Voerinstruksies | **Voermolstelsel** | | *ad libitum* | |

[1] Mieliemeel, heel mielies of hominy chop.

[2] Gebruik slegs een rantsoen. Voer bykomende hooi gedurende die eerste 14 dae van aanpassing.

*Gebruik die mengsel vir ligte kalwers as kruipvoer.

Heel mielies: Sien **Voermol Beefmaker**.

## VOLLEDIGE VOERE

Die volgende tabel bevat menginstruksies vir volledige voere. Hierdie mengsels moet *ad lib*. gevoer word.

| **MENGINSTRUKSIES** (kg) | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Voer | Aanvangs | | Groei | | Afrond | |
| | kg | kg | kg | kg | kg | kg |
| **Voermol SB 100** | 150 | 150 | 150 | 150 | 150 | 150 |
| **Voermol Procon 33** | 100 | 75 | – | – | 25 | 25 |
| **Voermol Zilmol*** | – | – | – | – | 80 | 80 |
| Mieliemeel | 650 | 600 | 650 | 600 | 570 | 530 |
| Mieliekuilvoer (nat) | – | 300 | – | 300 | – | 250 |
| Ruvoer/hooi (±4 % prot.) | 200 | 150 | 100 | 50 | 80 | 30 |
| Totaal | 1 100 | 1 275 | 900 | 1 100 | 905 | 1 065 |
| **SAMESTELLING** (g/kg) | | | | | | |
| Ruproteïen (min) | 129 | 108 | 117 | 99 | 121 | 106 |
| Ruvesel (maks) | 106 | 96 | 78 | 71 | 81 | 72 |
| Kalsium (maks) | 8.0 | 6.7 | 7.9 | 6.6 | 8.8 | 7.6 |
| Fosfor (min) | 3.2 | 2.6 | 2.8 | 2.3 | 2.8 | 2.4 |
| % Proteïen afkomstig vanaf NPN | 28.5 | 29.5 | 38.5 | 37.2 | 36.9 | 36.0 |

Die Afrondmengsels bevat Zilpatherol-HCL. Voer vir die laaste 30 dae van die voerperiode. Onttrek vir tussen tussen drie tot vyf dae. Voer die Groeimengsel tydens die onttrekkingsperiode.

*Sien **Voermol Zilmol**.



Voermol

# UREUMWAARSKUWING

**UREUM**
Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek nat reën nie.

**Sien ureumwaarskuwing agter op sak.**

**UREUMWAARSKUWING**
Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is ’n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer ’n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so ’n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg ’n veekundige.
- Dit is ’n aanvulling en nie ’n volledige voer nie. Voldoende weiding en/of ruvoer moet ten alle tye beskikbaar wees.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. ’n Konstante daaglikse voerinname voorkom vergiftiging.
- Voordat ’n NPN-bevattende lek gevoer word, moet ’n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

**GMO OPMERKING**
Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



Voermol